AfriForum
JEUG

19 Junie 2025

Prof. A. Rhoda
Adjunk-visekanselier: Akademie
Nelson Mandelarylaan 205
Parkwes
BLOEMFONTEIN
9301

Per e-pos: MpshaneNkosiM@ufs.ac.za; vc@ufs.ac.za; studentaffairs@ufs.ac.za

Geagte Adjunk-visekanselier en uitgebreide bestuur

**DUIDELIKHEID OOR VEELTALIGHEID BY UV NÁ TAALHERRIE**

AfriForum Jeug neem met kommer kennis van u opdrag dat Afrikaanse onderrig onmiddellik gestaak moet word in alle modules buiten die vak Afrikaans , soos per e-pos gekommunikeer op 27 Maart 2025

Hierdie opdrag word deur AfriForum Jeug gesien as 'n direkte aanval op moedertaalonderrig en 'n terugslag vir die bevordering van inheemse tale en meertalige onderrig aan die Universiteit van die Vrystaat wat  duidelik nié gerig is op akademiese uitnemendheid of die werklike behoeftes van UV-studente nie.

AfriForum Jeug verwelkom die UV se bevestiging tot sy verbintenis tot veeltaligheid soos gekommunikeer per mediaverklaring op 18 Junie 2025. Op grond van die UV se verbintenis tot veeltaligheid wil AfriForum Jeug die volgende punte beklemtoon:

**Skending van taalregte:** Die UV is 'n openbare instelling wat met belastinggeld gefinansier word. In die Vrystaat is Sesotho en Afrikaans die grootste taalgemeenskappe. Om Afrikaanse onderrig summier af te skaf sonder behoorlike konsultasie, staan lynreg teenoor die inklusiewe benadering wat van 'n nasionale universiteit verwag word.

**Gebrek aan akademiese motivering:** Prof. Rhoda se opdrag blyk nie gebaseer te wees op enige navorsing, pedagogiese oorwegings of studenteterugvoer nie. Dit wek die indruk dat daar 'n ideologiese motief agter die besluit skuil, eerder as 'n opregte strewe na beter onderrig.

**Afbreuk aan kampusdiversiteit en akademiese vryheid:** Dosente wat bereid is om klasse in Afrikaans aan te bied en studente wat dit verkies, word nou benadeel. Dit beperk keuses en verhinder toegang tot gehalteonderrig vir Afrikaanssprekendes.

**AfriForum Jeug eis die volgende:**

- Dat die universiteit jaarliks ’n openbare verslag publiseer oor sy vordering en projekte rondom die bevordering van al vyf UV-tale (Afrikaans, Suid-Sotho, Suid-Afrikaanse Gebaretaal, Zoeloe en Engels), met spesifieke aanduiding van vordering rondom Afrikaans.
- Dat ’n onafhanklike taaloudit uitgevoer word om vas te stel of die UV se taalpraktyke ooreenstem met sy eie taalbeleid en grondwetlike verpligtinge.

  Dat ’n formele gesprek met AfriForum Jeug en ander relevante studenteverteenwoordigers gereël word binne 14 werksdae.
- Dat die UV skriftelik aandui hoe Afrikaans bevorder gaan word binne die raamwerk van die UV se taalbeleid, soos goedgekeur deur die UV-raad (taalbevorderingsinstansie wat bekend staan as die Akademie vir Meertaligheid) of relevante komitee. Dit sluit in:

  - Praktiese projekte, inisiatiewe of ondersteuningstelsels wat tans vir Afrikaanse studente beskikbaar is
  - Hoe Afrikaanssprekende studente akademiese ondersteuning by die UV ontvang
  - Hoe hierdie planne konsekwent toegepas en gemeet gaan word op kampus

Hierdie saak gaan nie bloot oor een taal nie – dit gaan oor meertaligheid, regverdige toegang, kulturele inklusiwiteit en respek vir grondwetlike taalregte. Die feit dat UV vroeër ’n taalsentrum geopen het om meertaligheid te bevorder, en nou sulke drastiese eenrigtingbesluite neem, toon teenstrydigheid en verswak vertroue.

AfriForum Jeug sal hierdie saak verder neem indien daar nie daadwerklike terugvoer binne die gestelde tydperk is nie.

Vriendelike groete

**Wikus van der Walt**
**Jeugbeampte: Strukture**
**AfriForum**
**Sel: 081 216 9996**
**E-pos: wikus.vanderwalt@afriforum.co.za**